

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAAL PROVINSIALE AFDELING)**

Saakno.: 21769/02

Datum gelewer: 13/6/05

ONRAPORTEERBAAR

In die saak van:

CHRISTIAAN DIEDERICKS NO

EISER

TEEN

PADONGELUKKEFONDS

VERWEERDER

CORAM: OLIVIER R

UITSPRAAK

OLIVIER R:

[1]

Die eiser, mnr Christiaan Diedericks, tree op in sy hoedanigheid as eksekuteur in die bestorwe boedel van sy oorlede eggenote, wyle Anna Wilhelmina Diedericks, waarna hierinverder as "*die oorledene*" verwys sal word. Die verweerder is die Padongelukkefonds, geskep ingevolge die bepalings van die Padongelukfondswet, no 56 van 1996. Die eis is vir die betaling van 'n bedrag van R132 280.73, en wel as skade gelyk deur gelede mediese uitgawes, pyn en lyding en verlies aan lewensgenietinge

weens beserings wat die oorledene opgedoen het tydens 'n motorbotsing op 5 Februarie 1997.

[2]

Terloops kan vermeld word dat die oorledene aanvanklik self die aksie ingestel het. Sy is egter daarna oorlede, weens oorsake onverwant aan die botsing, en die eiser het toe in haar plek as party toegetree.

[3]

Die verweerder het as spesiale verweer gepleit dat die eis verjaar het weens die feit dat die aksie buite die toepaslike verjaringstermyn ingestel is. Die verweerder het gepleit dat die termyn vyf jaar was.

[4]

Die eiser het in antwoord hierop gepleit dat die proklamasie waarin die 5 jaar verjaringstermyn gepromulgeer is, nietig is. In die alternatief het die eiser gepleit dat die verweerder afstand gedoen het van die reg om hom op verjaring te beroep, en verder alternatiewelik dat die aksie geskik is.

[5]

By die aanvang van die verhoor het die eiser afstand gedoen van sy laasgemelde beroepe op afstanddoening en skikking en is daar by ooreenkoms tussen die partye gelas dat die vraag of die eis verjaar het vooraf en apart bereg sou word en dat die beregting van alle ander geskilpunte intussen opgeskort word.

[6]

Dit was gemenesaak dat die datum van die botsing 5 Februarie 1997 was en dat dit ook die datum was waarop die oorledene haar beserings opgedoen het. Mnr Fourie, wat namens die verweerder verskyn het, het reg aan die begin van die verrigtinge versoek dat

mnr Muller, wat vir die eiser verskyn het, moes aandui of dit gemenesaak was dat die eis ook op 5 Februarie 1997 ontstaan het en dat enige verskuldigheid van die verweerder op daardie datum opeisbaar en betaalbaar geraak het.

[7]

Toe ek mnr Muller spesifiek gevra het oor sy houding in die verband, het hy die standpunt ingeneem dat die eiser nie bereid was om te erken dat die eis op 5 Februarie 1997 ontstaan het nie en dat hierdie aspek gevolglik in geskil was. Die gevolg hiervan was dat mnr Fourie tydens argument in besonderhede deur 'n bundel van dokumente moes werk om aan te toon dat die eis inderdaad op die datum ontstaan het. Toe mnr Muller aan die beurt gekom het (die partye het ooreengekom dat die verweerder die beginlas sou dra), het hy egter nie eers gepoog om te argumenteer dat die eis op enige ander datum ontstaan het nie. Inteendeel, tot my verbasing het hy, toe ek hom weer hieroor gepols het aan die einde van sy betoog, eenvoudig toegegee dat die eis wel op 5 Februarie 1997 ontstaan het.

[8]

Hoe dit ookal sy, dit was dus aan die einde van die dag gemenesaak dat die eis op 5 Februarie 1997 ontstaan het. Die volgende verdere aspekte was ook gemenesaak:

8.1 Weens die bepalings van artikel 28 van die Padongelukfondswet en die datum waarop die botsing plaasgevind het, is die bepalings van die Multilaterale Ongelukfondswet, no 93 van 1989 (hierinverder na verwys

as "*die Wer*), en die ooreenkoms vervat in die Bylae daartoe (hierinverder na verwys as "*die Bylae*") van toepassing.

- 8.2 In die lig daarvan dat die identiteit van die bestuurder van die versekerde voertuig bekend was, het die geval verder geresorteer onder die bepalings van artikel 13(b) van die Bylae.
- 8.3 Op 11 Januarie 2000 is 'n eis ingedien by die verweerder.
- 8.4 Die eiser het op 15 Junie 2001 per faks 'n skrywe (gedateer 14 Junie 2001) ontvang waarin 'n bedrag ter skikking aangebied is deur die verweerder.
- 8.5 Op 10 Junie 2002 het die eiser per faks van die verweerder kennisgewing ontvang dat die eis volgens die verweerder verjaar het.
- 9.6 Die dagvaarding hierin is uitgereik op 12 Augustus 2002 en beteken op 20 Augustus 2002.

[9]

Dit was verder gemenesaak dat die datum van betekening van die dagvaarding die datum was waarop die onderhawige geding ingestel is. (Sien **Terblanche NO and Others v Damji and Another** 2003(5) SA 489 (CPO) op 498E-F).

[10]

Die bepalings van die Bylae wat vir doeleindes hiervan tersaaklik is, is die van artikels 55, 57 en 63, wat onderskeidelik in hulle oorspronklike vorm soos volg ge lees het:

"Artikel 55

Ondanks die bepalings van enige ander wet met betrekking tot verjaring, verjaar die reg om van in benoemde agent skadevergoeding te eis ten opsigte van eise in Artikel 13(b) bedoel, na die ver/aap van tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop die eis ontstaan het: Met dien verstande dat verjaring gedurende die tydperke bedoel in Artikel 63 opgeskort word."

"Artikel 57

Ondanks die bepalings van Artikel 55 verjaar geen els wat ingevolge Artikel 62 ingedien is nie vaar die verstryking van in tydperk van negentig (90) dae vanaf die datum waarop die benoemde agent deur midde/ van in kennisgewing wat per geregistreerde pas af per hand aan die eiser af sy verteenwoordiger afgelewer is -

- (a) teen die geldigheid van die eis beswaar maak; af*
- (b) aanspreeklikheid ontken; af*
- (c) in aanbod ter skikking van die eis aan die eiser af sy verteenwoordiger doen. "*

"Artikel 63

Geen eis kan afgedwing word nie deur midde/ van in regsgeding wat aan die gang gesit is deur in dagvaarding wat aan die benoemde agent beteken is-

- (a) vaar die verstryking van in tydperk van negentig (90) dae vanaf die datum waarop die eis volgens voorskrif van Artikel 62 aan die benoemde agent gestuur af per hand afgelewer is, na gelang van die geval; en*
- (b) voordat aan al die vereistes van die benoemde agent, , voldoen is: Met dien verstande dat indien die*

benoemde agent voor die verstryking van genoemde tydperk aanspreeklikheid vir die eis skriftelik ontken, die eiser te eniger tyd na sodanige ontkenning 'n dagvaarding aan die benoemde agent kan beteken. „

[11]

Wanneer die bepalings saamgelees word, was hulle gesamentlike effek dat 'n eis om skadevergoeding op die voorgeskrewe wyse ingedien moes word binne die tydperk van twee jaar nadat die eis ontstaan het en dat geen eis sou verjaar v66r verstryking van 90 dae na die plaasvind van een van die gebeure na verwys in subartikels (a), (b) of (c) van artikel 57 nie. Artikel 63 is nie werklik vir doeleindes hiervan tersaaklik nie, maar het in sy aanvanklike vorm onder andere beteken dat 'n regsgeding egter nie ingestel sou kon word voordat 90 dae na indiening van die eis verstryk het nie, tensy aanspreeklikheid vroeër skriftelik ontken is.

[12]

Luidens proklamasie no 102 van 1991 van 1 November 1991 (hierinverder na verwys as "*die 1991 Proklamasie*") is, onder andere, artikels 55 en 57 van die Bylae egter gewysig. Die periode van twee jaar in artikel 55 is gewysig na drie jaar. In die gewysigde artikel 57 is heeltemal weggedoen met die 90 daebepalings en is in plaas daarvan toe bloot bepaal dat die reg om aksie in te stel eers sou verjaar na verstryking van vyf jaar nadat die eis ontstaan het.

[13]

Die effek hiervan sou dus wees dat 'n persoon drie jaar tyd gehad het waarbinne 'n eis ingedien kon word en dat 'n regsgeding dan nie ingestel sou kon word waar die eis langer as vyf jaar tevore ontstaan het nie.

[14]

Proklamasie no 62 van 1993 van '16 Julie 1993 (hierinverder na verwys as "*die 1993 Proklamasie*") het verdere wysigings tot die Bylae aangekondig. Ingevolge daarvan is artikel 55 vervang met 'n nuwe artikel 55 wat, vir doeleindes hiervan, maar net bepaal het dat 'n eis ingedien moes word binne drie jaar nadat die eis ontstaan het.

[15]

Mnr Muller se argument was:

15.1 dat die 1991 Proklamasie nietig is;

15.2 dat die 1993 Proklamasie geldig is;

15.3 dat die resultaat is dat artikel 55 van die Bylae gelees moet word soos wat dit deur die 1993 Proklamasie vervang is, terwyl artikel 57 van die Bylae dan nooit gewysig is nie (want dit was nie die onderwerp van die 1993 Proklamasie nie);

15.4 dat die eiser gevolglik drie jaar gehad het waarbinne die eis ingedien kon word en dat die eis dus binne die periode ingedien is;

15.5 dat die skrywe wat op 15 Junie 2001 deur die eiser ontvang is nie 'n "*aanbod ter skikking*" daargestel het soos in artikel 57 (c) van die Bylae bedoel nie;

15.6 dat aanspreeklikheid eers ontken is (soos bedoel in artikel 57 (b) van die Bylae) by wyse van die faksskrywe van 10 Junie 2002; en

15.7 dat die dagvaarding toe beteken is op 20 Augustus 2002 en gevolglik binne die periode van 90 dae na verwys in artikel 57 en binne die verjaringstydperk soos blyk uit die gesamentlike lees van die gemelde twee weergawes van artikels 55 en 57 van die Bylae.

Die 1991 Proklamasie

[16]

Die "Ooreenkoms" na verwys in artikel 2(1) van die Wet is natuurlik vervat in die Bylae tot die Wet. Die bepalings van artikel 2(2) van die Wet lui soos volg:

*"Die Staatspresident kan alles doen wat nodig is om namens die Republiek enige wysigings van of byvoegings by die Ooreenkoms wat van tyd tot tyd aangebring mag word, te bekragtig of te laat bekragtig en kan by Proklamasie in die **Staatskoerant** die Bylae wysig om gevolg te gee aan enige wysiging of byvoeging wat aldus bekragtig is. „*

[17]

Dit blyk dus dat enige wysiging van die Bylae voorafgegaan sou moes word deur 'n wysiging van die ooreenkoms (sien in hierdie verband ook die bepalings van artikel 66 van die Bylae) en die bekragtiging van sodanige wysiging deur of namens die Staatspresident. Namens die eiser het mnr Muller aangevoer dat daar geen voorafgaande wysiging van die ooreenkoms of bekragtiging daarvan plaasgevind het nie en dat die Staatspresident gevolglik buite sy bevoegdhede en **ultra vires** opgetree het deur die 1991 Proklamasie te promulgeer.

[18]

In hierdie verband het mnr Muller eerstens gesteun op die getuienis van mnr Kabai, 'n regsadviseur in diens van die Departement van Buitelandse Sake, wat as getuie vir die eiser geroep is. Luidens artikel 71 van die Bylae moes die oorspronklike weergawe van die ooreenkoms by die gemelde departement in bewaring gegee word. Volgens Kabai het dit dan ook gebeur en 'n

gesertifiseerde afskrif van die oorspronklike daarvan is as bewysstuk ingehandig. Mnr Kabai het verder getuig dat daar tot op datum nog nooit 'n wysigende ooreenkoms ingedien is vir bewaring nie.

[19]

Mnr Muller het op hierdie laaste brokkie getuienis gesteun as synde die afleiding te regverdig dat daar dan nooit voorafgaande die promulgering van die 1991 Proklamasie s6 'n wysigende ooreenkoms gesluit is nie. Ek stem nie saam nie. Mnr Kabai het toegegee dat hy nie persoonlike kennis dra van of daar in werklikheid ooit s6 'n ooreenkoms gesluit is nie. Hy het ook toegegee dat daar nêrens in die Wet of in die Bylae daartoe 'n voorskrif verskyn dat ook wysigende ooreenkomste, net soos die oorspronklike, by die betrokke kantoor ingegee sou moes word vir bewaring nie.

[20]

Dan is daar verder die feit dat minstens die 1993 Proklamasie op mnr Muller se eie argument deur s6 'n wysigende ooreenkoms voorafgegaan moes gewees het. Daar sal later weer met hierdie argument gehandel word, maar die noodwendige implikasie daarvan sou dan wees dat daardie wysigende ooreenkoms in elk geval ook nooit ingedien is vir bewaring nie. Die feit dat geen ooreenstemmende wysigende ooreenkoms vir die 1991 Proklamasie vir bewaring ingedien is nie, regverdig dus nie die afleiding, as die mees waarskynlike afleiding, dat daar dan nooit s6 'n ooreenkoms gesluit is nie (sien **AA Onderlinge Assuransie Assosiasie Bpk v De Beer** 1982(2) SA 603 (A) op 620E en **Jordaan v Bloemfontein Transitional Local Authority and Another** 2004(3) SA 371 (SCA) op 3791-J).

[21]

Mnr Muller het sy argument dat die 1991 Proklamasie nie deur 'n wysigende ooreenkoms voorafgegaan is nie in die tweede plek geskoei op die bewoording van die aanhef tot die betrokke Proklamasie en op die feit dat daar nêrens daarin melding gemaak is van s6 'n ooreenkoms, of van die bekragtiging daarvan, nie. Volgens mnr Muller sou die woorde "*wysig ek hiermee*" in die konteks dan eerder aanduidend wees daarvan dat die Staatspresident eenvoudig uit eie inisiatief die Bylae gewysig het; 'n bevoegdheid waaroor die Staatspresident nie beskik het nie. Mnr Muller het verder in hierdie verband by wyse van vergelyking verwys na die aanhef tot die 1993 Proklamasie, waarin wel verklaar is dat "*wysigings van of byvoegings by die Ooreenkoms*" bekragtig word.

[22]

Wat mnr Muller se argument egter uit die oog verloor is dat, in die aanhef tot die 1991 Proklamasie, die destydse Staatspresident uitdruklik verklaar het dat hy opgetree het "*Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(2)*" van die Wet. Die laasgemelde bepaling was baie duidelik tot die effek dat die Staatspresident slegs bevoeg sou wees om wysigings tot die Bylae te proklameer waar dit gebaseer was op voorafgaande wysigings of byvoegings wat bekragtig is. Wanneer die bewoording van die aanhef tot die 1991 Proklamasie volgens hulle normale betekenis en in konteks gelees word, is by verre die mees logiese strekking daarvan dat die Staatspresident sy bevoegdhede ooreenkomstig die bepaling van artikel 2(2) van die Wet uitgeoefen het toe die Proklamasie gepromulgeer is.

[23]

Ek is van oordeel dat die stelreël **omnia praesumuntur rite esse acta** in hierdie omstandighede toepassing vind en dat daar dus, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel, vermoed word dat die Staatspresident se optrede reëlmatig was en binne sy bevoegdhede geskied het (sien **Special Investigating Unit v Nadasen** 2002(1) SA 605 (SCA) op 6131-J, **S v Manelis** 1965(1) SA 748 (AD) op 756A-757B en **R v Dumdum** 1952(3) SA 584 (T)). Mnr Kabai se getuienis het nie naasteby ver genoeg gegaan om die vermoede te weerlê nie.

[24]

Mnr Muller se argument dat die Staatspresident nooit “*verklaar*” het dat hy korrek opgetree het in die promulgering van die 1991 Proklamasie nie is dus, in die lig van die Staatspresident se uitdruklike verwysing na artikel 2(2) van die Wet, nie korrek nie en die gesag waarna mnr Muller in hierdie verband verwys het, is gevolglik ook onderskeibaar. In **Nigel Town Council v AH Yat** 1950(2) SA 182 (WLD) het dit uit die betrokke kennisgewing juis duidelik geblyk dat die Administrateur nie alleen opgetree het in die promulgering daarvan nie. Die betrokke kennisgewing het dus nie eers bloot geswyg oor die basis waarop die Administrateur die kennisgewing gepromulgeer het nie, maar eerder duidelik gemaak dat daar **ultra vires** gehandel is (want die magtigende bepaling het in daardie geval vereis dat die Administrateur alleen moes optree in die promulgering van s6 'n kennisgewing).

[25]

Mnr Muller het ook verwys na **Attorney-General, Transvaal v Manelis** 1964(3) SA 720 (T). Afgesien daarvan dat die beslissing omvergewerp is in **S v Manelis, supra**, ondersteun dit in elk geval

Mnr Muller het ook verwys na **Attorney-General, Transvaal v Manelis** 1964(3) SA 720 (T). Afgesien daarvan dat die beslissing omvergewerp is in **S v Manelis, supra**, ondersteun dit in elk geval ook glad nie mnr Muller se argument nie. Inteendeel, op 726E is soos volg beslis:

"In cases therefore where there is an express statement that an official acted in terms of a particular section, there is an element of probability that he acted in the manner stated, and courts of law act on the correctness thereof until the contrary is shown."

[26]

Ek het reeds daarop gewys dat die Staatspresident in die 1991 Proklamasie uitdruklik verklaar het dat hy optree *"Kragtens die bevoegdheid verleen by artikel 2(2)"*. Dit was nie vir die Staatspresident nodig om verder te gaan en die spesifieke jurisdiksionele feite te vermeld nie (sien **Special Investigating Unit v Nadasen, supra**, op 6131-J).

[27]

Ook die beslissing van **Government of the Republic of South Africa and Another v Government of Kwazulu and Another** 1983(1) SA 164 (AD) is totaal onderskeibaar van die onderhawige geval. Daar het die Staatspresident in die betrokke Proklamasie verklaar dat hy optree kragtens 25(1) van die sogenaamde Swart Administrasie Wet, no 38 van 1927. Die laasgemelde bepalings het geen voorafgaande konsultasie met die betrokke Minister geverg nie. Die Hof het egter bevind dat die gemelde bepalings alreeds implisiet herroep was deur artikel 26(1) van die destydse Grondwet van die Selfregerende Gebiede, no 21 van 1971, wat voorsiening gemaak het vir dieselfde bevoegdhede, maar dan eers

ná konsultasie met die betrokke Minister. Nie alleen was dit gemenesaak dat die Staatspresident in daardie geval nooit met die Minister gekonsulteer het nie, maar het dit dus ook duidelik geblyk uit die verwysing na artikel 25(1). Dit volg dus dat ek van oordeel is dat die 1991 Proklamasie geldig is en behoorlik gepromulgeer is.

Aanbod ter skikking

[28]

Mnr Muller se argument in hierdie verband was dat, omdat die 1991 Proklamasie volgens hom nietig was en dus in effek nie die Bylae gewysig het nie, die oorspronklike bepalings van artikel 57 van die Bylae nog van krag gebly het (want dit is nie gewysig in die 1993 Proklamasie nie). Hy het geargumenteer dat die onderhawige eis wel binne die drie jaar periode van artikel 55 (soos gewysig in die 1993 Proklamasie) ingedien is en dat die eiser se reg om 'n regsgeding in te stel in elk geval in die lig van die oorspronklike bepalings van artikel 57 nie sou kon verjaar het voordat 'n periode van 90 dae verstryk het nadat die verweerder 6f teen die geldigheid van die eis beswaar gemaak het 6f aanspreeklikheid ontken het 6f 'n aanbod ter skikking gemaak het nie.

[29]

Sy argument was verder dat daar tot datum nooit teen die geldigheid van die eis beswaar gemaak is nie, dat die skrywe gedateer 14 Junie 2001 nie 'n aanbod ter skikking daargestel het nie en dat die dagvaarding wel beteken is binne 90 dae nadat die verweerder in effek op 10 Junie 2002 aanspreeklikheid ontken het.

[30]

In die lig van die slotsom waartoe reeds gekom is rakende die geldigheid van die 1991 Proklamasie is dit eintlik onnodig om met die argument van mnr Muller te handel, want dit sou beteken dat die betrokke Proklamasie in elk geval weggedoen het met die "90 dae voorskrif". Ek sal egter nietemin daarmee handel.

[31]

Mnr Muller se argument in hierdie verband was eerstens dat, omdat die bepalings van artikel 57 (in die oorspronklike vorm daarvan dus) vereis het dat daar aan 'n eiser kennis gegee word van In aanbod ter skikking "*per geregistreerde pas af per hand*", die anderhawige kennisgewing (wat per faksimilee versend en ontvang is) nie voldoen het aan die betrokke bepalings nie en dat die 90 dae periode dus, ongeag die inhoud van die skrywe, nie toe In aanvang geneem het nie.

[32]

Ek is van oordeel dat hierdie argument totaal onhoudbaar is. Dit is baie duidelik dat dit vir die wetgewer destyds hier gegaan het om sekerheid met betrekking tot wanneer die eiser die kennisgewing ontvang het, eerder as soseer oor hoe kennis gegee is. Dit sou tog baie duidelik uiteindelik die ontvangs van kennisgewing wees wat bepalend sou wees by die berekening van die 90 dae periode, en nie die wyse van versending nie.

[33]

Die bedoeling was na my oordeel enersyds om vir die "*derde party*" die grootste moontlike beskerming te bied deur te verseker dat die kennisgewing ontvang word en hom of haar so in staat te stel om akkuraat te bereken wanneer die betrokke 90 dae periode sou begin loop. Daar is geen aanduiding hoegenaamd in die

bepalings van artikel 57, of van die res van die Bylae, dat die wetgewer 'n nie-nakoming van die voorskrif met betrekking tot die wyse van kennisgewing met die nietigheid van sodanige kennisgewing wou bestraf nie en gevolglik moet ten minste hierdie deel van die voorskrifte van artikel 57 as aanwysend beskou word, en nie as gebiedend nie (vergelyk **Northern Assurance Co Ltd v Somdaka** 1960(1) SA 588 (AD) op 594 C, **Zungu v Kwa-Zulu Government** 1980(1) SA 231 (D&CLD) op 234H-235A en **Nathaniel & Efthymakis v Hartebeestspruit** [1996] 2 All SA 317(T) op 3238).

[34]

In Commercial Union Assurance Co Ltd v Clarke 1972(3) SA 508 (AD) het die Hof te make gehad met 'n bepaling dat geen regsgeeding teen die versekeraar ingestel kon word voor die verstryking van 60 dae vanaf die datum toe die eisvorm na die versekeraar gestuur is per geregistreerde pos of per hand afgelewer is nie. Die betrokke eisvorm is per gewone pos versend, maar is wel deur die versekeraar ontvang. Die Hof het beslis dat die betrokke bepaling aanwysend was, en nie gebiedend nie, en dat daar wesenlike nakoming daarvan was deurdat die eisvorm wel ontvang is.

[35]

Verder is beslis dat die bepaling rakende versending per geregistreerde pos eintlik daar was om die eiser te voorsien van 'n manier om bewys van versending te verkry en dat daar van die voordeel afstand gedoen kon word (op 5188). Destemmer behoort dit in hierdie geval vir die verweerder te geld. Die meganisme van versending per geregistreerde pos sou vir die verweerder die voordeel kon ingehou het dat, indien die eiser later sou betwis dat

daar so kennis gegee is, die verweerder dit op hierdie wyse sou kon bewys. Niks het die verweerder verhoed om van die voordeel afstand te doen nie (vergelyk ook **John and Another v Road Accident Fund** 2000(1) SA 459 (T) op 464E-G).

[36]

In **Nathaniel & Efthymakis v Hartebeestspruit, supra**, het die Hof te make gehad met die bepalings van artikel 69(1)(a) van die Wet op Beslote Korporasies, no 69 van 1984, waarvolgens 'n korporasie geag sou word nie in staat te wees om sy skulde te betaal nie as dit vir 'n bepaalde tyd nadat In aanmaning aan die korporasie bestel is deur dit by sy geregistreerde kantoor af te lewer, sou nalaat om te betaal, sekerheid te stel of 'n akkoord aan te gaan.

[37]

In daardie geval is die aanmaning op die besturende lid van die korporasie persoonlik afgelewer. Daar is namens die betrokke korporasie aangevoer dat die aanmaning nie afgelewer is ooreenkomstig die bepalings van artikel 69(1)(a) nie, omdat dit nie op die geregistreerde kantoor van die korporasie bestel is nie. Van Dijkhorst R het, met verwysing na die ooreenstemmende bepalings van artikel 345 van die Maatskappywet, no 61 van 1973, die beslissings van **Phase Electric Co (Pty) Ltd v Zinman's Electrical Sales (Pty) Ltd** 1973 (3) SA 914 (W) en **BP & JP Investments (Pty) Ltd v Hardroad (Pty) Ltd** 1977 (3) SA 753 (W) onderskei op die feite. In die **Phase Electric** beslissing was die bewoording van die wetgewing verskillend van die gewysigde vorm daarvan wat in die **PB & JP Investments** beslissing tersprake was en in die laasgenoemde beslissing het die Hof hom uitdruklik daarvan weerhou om te beslis wat die posisie sou wees

waar die aanmaning ten spyte van die nie-nakoming van die presiese voorskrifte tog ontvang is ..

[38]

Teen hierdie agtergrond het Van Dijkhorst R bevind dat wesenlike nakoming van die betrokke bepaling voldoende sou wees en is daar op 322k-323a soos volg beslis:

"I find no compelling reason to require strict compliance with the provisions thereof, provided it is clear that the close corporation has in fact received demand. To hold otherwise would elevate from (sic) above substance. It would mean that a demand which is delivered at the registered office but not received by the management of the close corporation is effective, but a demand received by the management but not delivered at the registered office is ineffective. This would be absurd. "

[39]

Ek vereenselwig my met eerbied volkome met hierdie opmerkings. Net so sou dit, op enige ander benadering, kon gebeur dat 'n kennisgewing wat per geregistreerde pos versend word maar nie die betrokke eiser bereik nie, effektief is, maar nie een wat per gewone pos of faksimilee versend is en wat inderdaad ontvang is nie. Vir soverre daar in **Afric Oil (Pty) Ltd v Ramadaan Investments CC** 2004(1) SA 35 (NPD) beslis is dat die voorskrifte in artikel 69(1)(a) van die Wet op Beslote Korporasies gebiedend is vir soverre dit betref die wyse waarop aanmaning moes geskied, en nie net soverre dit betref die vereiste dat dit moet geskied by

die geregistreerde kantoor nie, kan ek my in die lig van die voorgaande met respek nie daarmee vereenselwig nie.

[40]

Dit sou na my mening absurd en teen die belang van die regspleging wees om, waar dit vasstaan dat die eiser wel die kennisgewing ontvang het en op geen wyse benadeel kon gewees het deur die feit dat die kennisgewing hom of haar bloot langs 'n ander weg bereik het nie, in effek te bevind dat die kennisgewing ongeldig was en geïgnoreer moet word (vergelyk **Consani Engineering (Pty) Ltd v Anton Steinecker Maschinenfabrik GmbH** 1991 (1) SA 823 (T) op 824E-G). Ek weet nie of die tegnologie van faksimilee transmissies al ooit beskikbaar was op die datum toe die bepalings van artikel 57 van die Bylae destyds ooreengekom en wetgewing gemaak is nie.

[41]

Mnr Muller se tweede argument rakende die skrywe was dat die inhoud daarvan in elk geval nie neergekom het op In "*aanbod ter skikking*" nie, omdat dit gemerk was "*WITHOUT PREJUDICE*" en uitdruklik gestel het dat die aanbod gemaak word sonder om aanspreeklikheid te erken.

[42]

Ook hierdie argument is sonder enige meriete hoegenaamd. Die bewoording van artikel 57 (c) was geensins dubbelsinnig of onduidelik nie. Dit moet gelees word volgens die normale grammatikale betekenis daarvan. Woorde kan nie somer goedsmoeds ingelees word nie. Die eenvoudige feit van die saak is dat daar nêrens in die bewoording van die destydse artikel 57, of in die geheel van die Bylae, enige suggestie te vinde is dat die wetgewer eintlik bedoel het om slegs te verwys na

onvoorwaardelike aanbiedinge wat gemaak word met volle erkenning van aanspreeklikheid nie.

[43]

In **Malindi v Commercial Union Insurance Co SA Ltd** 1997(1) SA 327 (AD) was die wesenlik ooreenstemmende bepalinge van artikel 14(2) van die Motorvoertuigongelukkewet, no 84 van 1986, tersprake en is op 332H-1 beslis dat : *"By not qualifying the words {offer' or (repudiating' further, the Legislature clearly intended these terms to bear their ordinary meaning".*

[44]

Inteendeel, mnr Muller het later heel billik self uitgewys dat daar in artikel 42(b) van die Bylae eintlik duidelik gemaak is dat dit nie die bedoeling was dat slegs onvoorwaardelike aanbiedinge (met volle erkenning van aanspreeklikheid) sou geld nie, toe bepaal is dat ook 'n aanbod *"sonder benadeling"* wat gemaak is *"voordat dagvaarding beteken is "* in aanmerking geneem kon word by die maak van 'n kostebevel.

[45]

Enige ander vertolking van die bewoording van die oorspronklike artikel 57 sou ook na my mening lei tot 'n absurde resultaat, want as daar 'n onvoorwaardelike aanbod ter skikking gemaak moes word met erkenning van aanspreeklikheid, sou die verweerder se regsvoorganger in sulke gevalle in effek minstens nie die meriete kon betwis in 'n daaropvolgende geding nie. Andersom beskou sou geen aanbod gemaak kon word waar die verweerder nie terselfdertyd bereid was om onvoorwaardelik aanspreeklikheid te erken nie.

[46]

Verder sou dit dan, op mnr Muller se vertolking, kon lei tot "n tipe skaakmat situasie. "n Voorwaardelike aanbod mag gemaak word wat nie aanvaar word nie. Waar die verweerder of sy voorganger dan nie sy weg sou oopsien om In onvoorwaardelike aanbod te maak nie, maar ook nie om met enige mate van integriteit of oortuiging teen die eis beswaar te maak of heeltemal aanspreeklikheid te ontken nie, sou die verloop van verjaring in effek onbepaald opgeskort word. Dit sou die verweerder se regte ten aansien van verjaring verydel en kon tog sekerlik nooit die bedoeling gewees het nie.

[47]

Selfs al sou mnr Muller dus korrek gewees het in sy argument dat die 1991 Proklamasie nietig was en dat bloot gekyk moet word na die bewoording van die aanvanklike Bylae, soos gewysig deur die 1993 Proklamasie, sou die verweer van verjaring moes slaag, want dan is daar laatstens op 15 Junie 2001 In aanbod ter skikking gemaak en het die periode van 90 dae daarna byna In jaar v66r die betekening van die dagvaarding reeds verstryk.

[48]

"n Bevinding dat selfs op die basis die eis verjaar het, sou ook nooit die eiser kon benadeel nie. Alhoewel die verweerder in sy spesiale pleit in effek gesteun het op In verjaringstermyn gebaseer op die bepaling van die 1991 Proklamasie, is die "*alternatiewe*" basis van verjaring behoorlik deurtrap in argument deur beide mnre Fourie en Muller.

[49]

Die spesiale pleit van verjaring moet dus slaag. Omdat dit die einde van die eiser se saak sal beteken, behoort die eiser se eis

dus afgewys te word. Daar is geen rede waarom die normale benadering nie ook hier gevolg behoort te word dat koste die uitslag volg nie. Bygevolg word die volgende bevel hierin gemaak:

Die eiser se eis word met koste afgewys.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'C J OLIVIER', is written over a horizontal line.

**C J OLIVIER
REGTER**

Namens Eiser

Adv G C Muller

Lo.v. Van Rensburg Schoon & Cronje
Pretoria

Namens Verweerder

Adv M J Fourie

Lo.v. Gildenhuys Prokureurs Pretoria

Datum van verhoor

24 Mei 2005

Datum van uitspraak

13/6/2005